

VORIENUUS

"GROEI WAAR JY GEPLANT IS"



3 November 2025

Uitgawe 35

Vers vir die week:

Lukas 18:14

"Ek sê vir julle: Hierdie man en nie die ander een nie, het huis toe gegaan as iemand wie se saak met God reg is. Elkeen wat hoogmoedig is, sal verneder word en hy wat nederig is, sal verhoog word."



Uit die hoof se kantoor:

Dit is lekker om u mee te deel dat die multifunksionele baan se vordering volgens beplanning geskied en dat daar sover geen probleme rondom die bouery is nie.

U sal eersdaags 'n brief ontvang van die toetsreekstye wat volgende week begin. Dit is belangrik dat u daarop sal let dat die uitkomtye en kultuur – en sportoefentye aangepas is om ons leerders optimale tyd te gee om voor te berei vir die toetsreeks.

Die skool is tans besig met klasindeling vir 2026 en graag wil ek 'n beroep doen aan veral ons Grondslagfase ouers om die proses te vertrou en nie te vra vir 'n spesifieke onderwyser of klas nie. Dit word ongelukkig nie toegelaat nie, want as jy dit vir een ouer toelaat kan u dink wat die reperkussies sal wees.

Baie geluk aan die o/10-krieketspan wat in die Stadsbekerfinaal gespeel het. Hulle het ongelukkig die knie gebuig, nadat die wedstryd a.g.v. reën onderbreek is en die Duckworth-Lewis formule toegepas is om die uitslag te bepaal. Baie gelyk aan die swemspan wat hulle goed van hulle taak gekwyt het ten spyte van die reënweer waarin hulle moes swem.

Ouers ondersteun u kind in sy/haar voorbereiding vir die toetsreeks wat voorlê.

Mnr. Gerhard Engelbrecht

KRIEKET

Trots op ons o/ 10-kriekethelde!

Wat 'n spannende Stadsbekerfinaal was dit op Donderdag, 30 Oktober!

Ons o/ 10-krieketspan het met trots en vasberadenheid vir Laerskool Voorpos op die veld uitgestap. Voorpos het eerste gekolf en 119 vir 2 in 20 beurte aangeteken – 'n uitstekende spanpoging!

Met hul veldwerk het hulle soos ware kampioene begin – 'n paaltjie met die heel eerste bal! Net toe momentum aan ons kant was, het die reën begin val. Bakenkop het 43 vir 2 na 7.1 beurte gehad toe die wedstryd gestop is. Volgens die DLS-metode het hulle met slegs 3 lopies gewen.

Die uitslag kon dalk teen ons wees, maar die gees, trots en karakter waarmee ons span gespeel het, is iets om oor trots te wees. Julle het Voorpos se naam met eer en trots gedra. Goed gedoen, manne!



WELL
DONE!

RUGBY

Voorpos se o/8-rugbyspelers wys hul staal in eerste toernooi

Ons o/8-rugbyspan het op Vrydag, 30 Oktober, aan hul eerste rugbytoernooi deelgeneem. Die doel van die toernooi was om die seuns kontakgereed te maak vir o/9-rugby, en dit het ook as uitstekende voorbereiding vir volgende seisoen gedien.

Die seuns het vier wedstryde gespeel en waardevolle ervaring opgedoen. Dit was vir almal 'n groot leerskool en die afrigters is baie trots op hul harde werk en deursettingsvermoë.

Die span sien nou met opgewondenheid uit na hierdie week se toernooi by Laerskool Stephanus Roos.

Goed gedoen, manne – Voorpos is trots op julle!



7'S RUGBY

Voorpos 7's-spanne wys karakter by Camp Discovery

Ons o/11- en o/12-7's-spanne het die afgelope naweek, Vrydag 31 Oktober tot Saterdag 1 November, aan 'n 7's-rugbytoernooi by Camp Discovery deelgeneem.

Die seuns het uitstekende rugby gespeel en hul beste gegee, ten spyte van die warm weerstoestande. Hulle het baie waardevolle ondervinding opgedoen en elke wedstryd het nuwe lesse oor spanwerk, dissipline en deursettingsvermoë geleer.

Die spelers en afrigters is nou hard aan die werk om voor te berei vir die volgende 7's-toernooi wat op Saterdag, 8 November by Cornwall Hill plaasvind. Sterkte, manne — Voorpos staan agter julle!





SWEM

B-liga Skole

Na afloop van die sopnat Interlaer-swemliga is ons baie trots om weg te stap met 'n 2de plek vir die seuns en 'n 4de plek vir die dogters. Dit was behoorlik koud en nat, maar steeds het almal net hul beste gegee. Ons het groot planne om volgende jaar selfs nóg beter te presteer. Elke swemmer se harde werk word opreg waardeer en raakgesien. Baie geluk, Vories!





GRAAD 7-AFSKEID

'n Reënerige, maar prettige dag by Sun City

Die graad 7-leerders het hul afskeid op 'n onvergeetlike manier gevier – by Sun City! Al het die dag begin met sagte reëndruppels, het dit niemand se gees gedemp nie. Met groot opgewondenheid het hulle besluit om steeds te swem en die dag voluit te geniet.

Hulle het van die waterglybane afgejaag, in die golfswembad gespeel en saam gelag tot hul mae seer was. Onderwysers het met trots gekyk hoe hierdie groep jongmense, wat nou groot word, nog een keer net kind kon wees.

Teen die einde van die dag het almal moeg, maar gelukkig teruggekyk. Dit was nie net 'n uitstappie nie – dit was 'n laaste herinnering aan hul laerskooljare. Reën of sonskyn, hierdie graad 7-groep het gewys dat ware vriende en mooi herinneringe die dag altyd helder maak.



BIG BRAG

Vandag het ons gespog met ons Dogterskrieketspan, Skaakspan, Swemspan en Bergfietsryspan. Voorpos is super trots op julle!



VORIES WEENS ONS MATRIEKS STERKTE TOE VIR DIE EINDEKSAMEN

Matriekeindeksamen! Dié grootste
eksamen ooit!

Ons hoofleiers het Hoër Tegnologiese
skool John Vorster en Hoërskool Oos-
Moot besoek om vir die matrikulante 'n
gebed te doen en 'n bemoedigende
boodskap te bring.





ATKV Redenaars 2026



In 2026 gaan ons weer die verhoog vol praat, lag, dink en inspireer! 🌟

Die ATKV het pas die nuwe Redenaars-temas vir 2026 bekend gemaak – en ons kan nie wag om te sien hoe ons slimkoppe dié woorde tot lewe gaan bring nie! 💬



Temas vir 2026:



Graad 1–3 (Huistaal & Addisionele Taal)



Huis



Pleister



Geraas



Graad 4–5 (Huistaal & Addisionele Taal)



Koers



Kriewel



Sout



Graad 6–7 (Huistaal & Addisionele Taal Voorbereid)



Kies



Pronk



Rebeleer

Ons sien uit na nog 'n jaar vol talent, selfvertroue en kreatiewe redenasies. 🌈

So begin solank dink, droom en beplan – dalk is 2026 jōu jaar om op die verhoog te skitter!



Belangrike datums vir die week:

Maandag, 3 November 2025

- Atletiekoefening
- o/8 Rugbyoefening
- 7's Oefening
- Dogterskrieket: @ L/s Totiusdal (Weg)



Dinsdag, 4 November 2025

- Dogterskrieket: @ L/s Doringkloof (Tuis)
- Atletiek: Byeenkoms @ L/s Totiusdal

Woensdag, 5 November 2025

- Atletiekoefening
- o/8 Rugbyoefening
- 7's Oefening

Donderdag, 6 November 2025

- Atletiekoefening
- o/8 Rugbyoefening
- 7's Oefening

Vrydag, 7 November 2025

- o/8 Rugbytoernooi @ L/s Stephanus Roos
- 7's Oefening

Saterdag, 8 November 2025

- o/11 en o/12 7's Toernooi @ Cornwall Hill



ADVERTENSIES



SKOOL GHOLFHEMP SPECIALE AANBOD

Kinders: R290.00 | Volw: R325.00



Totiusdal Handelshuis
773 Codonia laan, Waverley
-of-

KOOP AANLYN



AANBOD GELDIG TOT 31 NOVEMBER 2025

www.handelshuis.co.za

ADVERTENSIES

Hoe adverteer ek op Vorienuus?

R800 - 4 plasinge

R450 - 2 plasinge

R300 - 1 plasing

Kontak: Sharlene by

rekening@laerskool-voorpos.co.za

Hoe maak ek om 'n advertensiebord by die skool aan te bring?

R4000 per jaar

R7000 2 borde per jaar

Kontak: Sharlene by

rekening@laerskool-voorpos.co.za